# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## God se verbond met Dawid vir Altyd!

**Skriflesing:**
2 Sam 7:1-29;
2 Sam 23:1-7; 1 Kron 17:1-27;
Luk 1:30-33

**Teksvers**:
2 Sam 7:11b-16;
1 Kron 17:11-14

**Sing**:
Ps 122-1:1,2
Ps 75-1:1
Ps 103:9
Ps 89-1:2
Ps 89-1:6,7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Ons dink dikwels, dat as ons nie hard werk as Christene nie, God se koninkryk maar moeilik sal voortbestaan. Ons dink dikwels dat die kerk se voortbestaan van ons dienswerk afhang.

Dawid wou vir God 'n tempel bou, maar God woon nie in tempels wat mense maak nie. God se genade is egter so groot dat Hy ALTYD vir ons sorg en nie ons vir Hom nie. Ons dienswerk moet net in afhanklikheid, in diepe afhanklikheid en dankbaarheid geskied.

Ons gaan na drie sake kyk:

- Die verbond met Dawid.
- Die verbond met Dawid, se verloop.
- Die verbond met Dawid, se vervulling. Luk 1:31-33

**S O N D A G A A N D 18:00**

## God praat met ons deur sy Woord

**Skriflesing:**
Hebreërs 1:1-14

**Teksvers**:
Hebreërs 1:1-3

**Sing**:
Ps 98-2:1, 2a
Sb 3-3:1, 5
Ps 119-1:7, 19
Sb 13-3

**Prediker**: Prof Herrie van Rooy

- Ons moet steeds luister na God wat met ons praat.
- In die ou bedeling het Hy oor eeue heen met sy kinders gepraat, deur sy dade en sy woorde.
- Met Jesus se koms het God Hom op 'n besondere manier deur sy Seun geopenbaar.
- Die kern van die boodskap bly steeds die geboorte, lewe, dood en opstanding van God se Seun.
- Hiervan getuig God se Woord en daarvolgens moet ons leef.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 07 26 Februarie 2023**


## Vreemdelingskap teenoor Burgerskap

*Ef 2:19 Fil. 3:20; Heb 11:13*

Hierdie is onder andere twee Bybelse begrippe. God het ons hier op aarde geplaas met 'n doel en met opdragte en met 'n verbond. God het ons hier op aarde geplaas om vir Hom te werk tot sy eer. Daarom is ons hier as vreemdelinge, want die wêreld is nie ons permanente woning nie, maar slegs 'n tydelike woning.

Tog is dit so dat die wêreld ons so maklik insluk. Ons raak so betrokke op aarde met aardse dinge, ons lewensomstandighede, dat ons maklik vergeet wat ons doel op aarde is. Ons werk onverpoos om ons lewensomstandighede te verbeter, om 'n beter lewe en 'n gemakliker lewe op aarde te verkry en ons vergeet wat ons eintlik doel op aarde is. Want ons moet nie vir onsself leef nie, maar tot eer van God en tot uitbreiding van sy koninkryk hier op aarde.

Vreemdelinge of bywoners het nie al die regte van 'n land nie. So ons moet nie dink dat ons moet deelneem en deel wees van die aardse sake nie. Ons moet nie net werk om hier ons voordeel te verkry nie. Ja dikwels dink ons dat dit goed gaan met ons as ons suksesvol is by ons werk, as ons vooruitgang maak en gemaklik lewe op aarde. Hierdie aardse lewe is maar net tydelik. Dit beteken nie dat ons nie hard moet werk op aarde nie, wie nie werk nie sal nie eet nie, leer die Skrif ons. Maar ons moet nie so werk asof ons permanent op aarde is nie.

Burgers van die hemelse koninkryk. Ons moet leef as Christene. Ons ewige woning en burgerskap is gesetel in die hemel. Dit waaroor ons moet werk is skatte vir die hemel, waar mot en roes nie verniel nie en diewe nie inbreek en steel nie. Hierdie skatte waaroor ons moet werk is om God te verheerlik met 'n opregte geloof en vurige liefde. Dit behoort nie vir ons moeilik te wees nie. Al wat ons moet doen is om in gehoorsaamheid aan God te doen wat Hy van ons vra om uit dankbaarheid te doen. Daarom is Bybellees en bid deel van ons daaglikse gehoorsaamheidslewe voor God. Dit is 'n vreugde vir 'n burger van die hemele om te doen wat ons moet doen en dit is om God te aanbid deur Jesus Christus onder die leiding van die Heilige Gees. Span jouself in om altyd as hemelse burger te leef. In alles wat jy doen op aarde moet dit wees as Christen. Dink maar aan Daniël en Josef wat vir heidense konings gewerk het, maar altyd God bly dien het.

Mag God ons altyd daartoe help om as burgers van die hemelse koninkryk te leef en te werk en te aanbid.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 6 Ps 81:1,12 Volgende week: Hersiening—Les 1-6 Ps 9:1, 7,10

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Emmeritaatsversorging

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader weer DV op **Maandag, 6 Maart 2023** om 10:00 in die Kerksaal.

Danielle du Plessis van Solidariteit lig ons in oor Tuisversorging en Lize-Mari Buys van Helpende Hand gaan gesels oor Seniors in Aksie.

Almal hartlik welkom!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



| | |
|---|---|
| **26 Feb** | |
| Elana Brits | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |
| Tia Grünenfelder | Blok C |
| **05 Mar** | |
| Rika Pretorius | Blok B |
| Anita Snyman | Blok B |
| Mari Coetzee | Blok C |

## Terugvoer van Sinode

(volg op terugvoering van 12 en19 Feb)

Naas die aspekte wat betreurenswaardig was, soos die skeiding tussen die NWU en die Teologiese skool en staking van die gedrukte weergawe van die Kerkblad, was daar ook hoogtepunte waarvoor ons die Here dank.

Tydens die Sinode het daar ook sake gedien wat die liturgie van die GKSA, sowel in die Engelse- en Afrikaanse taal uitbrei. Voorts is daar ook met blydskap kennis geneem van die vordering wat gemaak is met die vertaling van die Psalms en Belydenisskrifte in die ander landstale. So is daar die Rapport van die Deputate Liturgiese Sake voorgelê tov die voltooiing en uitgee van die Liedboek in verskillende tale- Sesotho, Setswana en Sepedi en is daar goedkeuring gegee vir die Liedboek in Zoeloe asook die Geloofsbelydenis.

Tydens die Sinode kon die duiwel nie sy kop uitgesteek kry, deur onmin te skep tov die voertaal waarin die Sinode sou geskied nie. Inteendeel, deur die genade van die Here, het broers mekaar gevind en geakkommodeer in die taal waarin hy die maklikste homself kon uitdruk en die sing van psalms het om die beurt in alle tale geskied. Waardevolle werk is deur die Deputate Liturgies Sake gedoen en sonder om enigeen spesifiek uit te sonder, kan ons met dank kennis neem van die werk wat ds JC Potgieter gedoen het met die samestelling van die engelse sangbundels. Voorwaar kom die Here se woord tot uitvoering soos dit staan in Openbaring 7:9.

Twee nuwe Afrikaanse Skrifberymings is ook goedgekeur naamlik, Skrifberyming 1-10: AAN U, HEER. Die teks, 1 Kronieke 29:11-13 is verwerk deur Bertha Maritx van Bloemfontein. Die wysie is dieselfde as Gesang 168: Engele uit die hoogste hemel. Ook is goedgekeur Skrifberyming 14-6, NOGTANS SAL EK JUIG, 'n verwerking deur Prof JH (Amie) van Wyk. Die Skrifberyming is eintlik die tweede vers vir Skrifberyming 14-2: AL SOU DAN OOK NIE DIE VYEBOOM NIE BOT NIE, daarom is die wysie dieselfde as 14-2. Ons plaas beide as 'n los blaadjie in die Kommunikaatjie sodat dit maklik agter in u Psalmboek sal pas.

Skriba –Oudl Pieter Wolmarans

# Verjaarsdae

**Belydende lidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Feb | Mandi | Groenewald | C10 | 27820490022 |
| 27-Feb | Niel | Erasmus | C06 | 27835072314 |
| | Jan | Henning | A10 | 27824151144 |
| | Karen | Kornet | A04 | 27822293845 |
| | Terblanche | Kruger | A02 | 27824987966 |
| | Annah | Sekhu | E01 | 27767587843 |
| | Julie | van Wyk | C09 | 27837264739 |
| 28-Feb | Henriëtta | de Cruz | B07 | 27718197235 |
| | Marine | du Plessis | A14 | 27765656257 |
| | Reinette | Mc Cabe | A16 | 27833813581 |
| | Erna | Olivier | C11 | 27823322118 |
| | Theo | Westervelt | C09 | 27824118946 |
| 1 Mrt | Stefan | vd Bijl | A17 | 27638799487 |
| 2 Mrt | Tisha | Cronjé | A09 | 27845146317 |
| | Zanie | Kruger | B09 | 27820811030 |
| | Riëtha | Maritz | C05 | 27720083258 |
| | Rina | Mc Cabe | B19 | 27845166677 |
| | Rupert | Prinsloo | B04 | 653 0251 |
| | Hettie | vd Walt | C01 | 27836607888 |
| | Anel | vd Walt | E01 | 27825673643 |
| | Carien | Venter | A17 | 27630921157 |
| 3 Mrt | Peet | Coetsee | B11 | 27786527255 |
| | Nannie | du Plessis | B11 | 27729977972 |
| | Grethe | Posthumus | A09 | 27828740421 |
| | André | v Niekerk | C14 | |
| | Jan-Hendrik | van Wyk | A11 | 27723871481 |
| 4 Mrt | Jac | Botha | C08 | 27828142230 |
| | Marlene | Erasmus | C07 | 27741209217 |
| | Alta | Heystek | A10 | 27823370081 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Johan Kruger sterk aan na behandeling (C3—082 461 7405).
- Charlaine Kruger sterk aan in Fourways hospitaal (A 18—064 903 9993).
- Magda Saaijman sterk aan in hospitaal (E1—071 998 1534).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Turkye

Dit is met groot dankbaarheid dat ons R35 000 kon insamel vir die nood in Turkye. Maar die grootste en belangrikste wat ons kan en moet doen is om vir hulle te bid. Moet nie ophou om te bid en ons broers en susters daar aan die Here op te dra nie.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Feb | Adriaan | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 27-Feb | Kara | Koch | C08 | 27724428655 |
| | Lisa | van Jaarsveld | B03 | 27828516869 |
| 1 Mrt | Marne | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| 2 Mrt | Cilliers | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Juan | vd Mescht | B09 | 27845480527 |
| 3 Mrt | Leam | vd Merwe | C10 | 27824606498 |
| | Gisela | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 4 Mrt | Wico | van Rooy | B02 | 27716000368 |

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

Kan ek toesien tot die registrasie van u huis-oordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Mobiele Haarkapster**. Is dit moeilik om by 'n Haarsalon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur, Centurion-omgewing. Lindie Venter 076 241 2967.

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

**Meenthuis te huur**, Eldoraigne. 2 Sk, 1 bk, 1 toesluit motorhuis en oop parkeer area. R8000 per maand, elektrisiteit uitgesluit. Navrae Aneli 072 238 3616.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

**Algehele herstelwerk** op huise en geboue, verf, plaveisel, waterdigting op huise, staalwerke, teëlwerk asook LPGAS installasie met COC sertifikaat. Kontak Hennie vd Walt 082 927 4326.

## Laborakuieraand

Die Laborakuieraand van 4 Maart 2023, kan weens omstandighede, ongelukkig nie voortgaan nie, maar word **verskuif** na Saterdagaand, **13 Mei 2023**.

Hou asb die Kommunikaatjie dop vir verdere reëlings wat bekendgemaak sal word.

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00 vir 18:30

\- - - - - -

# Juventus Kuier

Datum: 10 Maart
Plek: GK Rooihuiskraal
(Petrelweg 44, Rooihuiskraal)
RSVP: 0613543133 (Arina vd Merwe)

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Elke 2de Woensdag om 19:00
volgende byeenkoms 1 Mrt

\- - - -

**KONINGSKINDERS** vergadering 5 Maart na die oggenddiens.

Ons nooi almal uit wat graag wil betrokke raak by die koningskinders reëlings vir hierdie jaar se kamp om agter te bly na die diens.

\- - - -

## Geestelike Opbou

**26 Feb 2023** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

### Bybelvertaling: waarom en hoe?

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.



**Skrifberyming 1-10 – Aan U, Heer**

**1-10:1 1**
Aan U, Heer, kom toe die grootheid
en die mag en heerlikheid
en die roem en majesteit, ja,
in die hemel en op aard'!
U, o Here! U, o Here –
kom toe roem en majesteit! kom toe

**10:2**
Aan U – as die Hoof oor alles –
kom toe eer en koningskap
en U selfverhoging Here,
en die rykdom en die eer!
U, die Hoof, ja! U, die Hoof, ja,
kom toe roem en majesteit!

**1-10:3**
U, o Heer¸ U heers oor alles!
In u hand is krag en mag;
U kan alles groot en sterk maak;
onse God, ons loof u Naam!
Loof u Naam, Heer! Loof u Naam, Heer!
Loof en prys u grote Naam!
*1 Kronieke 29:11-13*
**Teks:** Berta Martiz 2023 ©
**Melodie:** REGENT SQUARE – Henry Smart 1867

\- - - - - - -

**Skrifberyming 14-6 – Nogtans sal ek juig**
Al sou dan ook die bose magte toeslaan,
al sou selfs alles om my heen vergaan;
die son verdof, die lewensvreugde wegkwyn,
die ganse skepping sug, te gronde gaan –
nóg sal ek juig in Christus, Heiland, Heer!
U maak my sterk, oorwin die dood.
U maak die aarde nuut, die hemel vry.
In U, o God, verbly ek my!
**Teks:** JH van Wyk 2007 © **Melodie:** O STURE GUD